Sing vooraf: Psalm 16:1 (p. 61)

1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde U ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 2:6 (p. 7)

7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 31:15 (p. 147)

15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Skriflesing: Psalm 2

Teks: Psalm 2:11

Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. (Psalms 2:11 AFR1953)

In die Psalm self word nie gesê wie hierdie Psalm geskryf het nie, maar baie eeue later het die Heilige Gees dit in Handelinge 4:25 laat neerskryf: Dawid het hierdie Psalm onder die leiding van die Heilige Gees geskryf.

> **wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink?** (Handelinge 4:25 AFR1953)

Liturgies is hierdie psalm vlak voor die Paasfees gesing. Dit was baie interessant aangebied, want verskillende stemme het die psalm voorgedra.

- Vers 1 – 3 is waarskynlik deur die hele volk gesing.
  - Hulle vertel van die opstand van die konings en vorste van die aarde teen God en sy Gesalfde Seun. Hulle voeg daarby dat die volke en vorste saamspan om die druk wat gehoorsaamheid aan God op hulle lê, van hulle af te skud.
  - Die drie verse is tekenend van hoe die mensdom in die algemeen sy respek vir die Here verloor en dan teen die Here en sy verlossingsraad in verset kom.
- Daarna het die priesters die reaksie van die Here op hierdie opstande uitgesing:

    - Die Here lag die opstandiges uit.
    - Een Skrifverklaarder meen dat daar ’n storm besig was om op te steek terwyl hierdie konings en vorste besig was om teen Dawid op te trek.
    - Hy beweer dat die digter in die eerste rommelweer die spotlag van die Here gehoor het, en daarna in die heftige donderslae tydens die storm die oordeelstem van die Here oor hierdie konings en hulle volke.

      . . . en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik (Psalms 2:5b AFR1953)
    - Die priesters sluit hierdie deel van hulle sang af deur daarop te wys dat die Here vir Hom ’n koning gesalf het op Sion, sy heilige berg.
        - Dit was altyd so dat iemand wat gesalf is tot ’n besondere amp, ’n besondere opdrag by die Here gekry het.
        - Daarmee word daar ’n bepaalde gespanne verwagting geskep: Die volk wil weet wat die besondere opdrag is wat die Here vir die koning gegee het.
- In vers 7 – 9 het die koning dan voorgesing.
    - In sy voorsang het hy hierdie opdrag wat die Here hom gegee het, aan die volk bekendgemaak.
    - In die sang openbaar hy dat die Here in die Messias (wat die ware Koning is) sy heerskappy uitstrek oor die volke.
- Daarna sing die volk weer vers 10 – 12.
    - Eers vermaan hulle nou al hierdie opstandige konings om vir die Here te luister.
    - Dan, nadat die opstandiges vermaan is, beveel die Here alle mense dat Hy gedien moet word met vrees en dat die gelowiges voor Hom moet juig met gejubel.

Iets steek vas in ons:

- Waarom moet ons die Here vrees?
- Waarom moet ons letterlik staan en bewe as ons voor Hom jubel?

Dit is mos nie reg om vir jou kinders te leer dat ons vir die Here moet bang wees nie. Of is dit?

- Dit is die punt wat die Here wil tuisbring: Met die Here word nie gespeel nie.
    - Hy is nie ons maatjie nie.
    - Hy word ook nie gedreig nie (soos die volke wat sy bande van hulle wil afgooi).

Die hele Bybel is vol daarvan dat ons in ons hele geloofslewe ontsag vir die Here moet hê.

- Daar moet altyd hierdie houding wees dat ons voor Hom wil buig, en dat ons Hom wil dien soos wat Hy dit voorskryf.
- Van ons kant af moet daar altyd die huiwering wees dat ons nie in ons Godsdiens onsself wil vermaak nie, want dan misluk ons aanbidding en haal ons die toorn van die Here oor ons.

Om dit te demonstreer is daar ’n groot erdekruik voor die koning neergesit.

- Die koning het, terwyl hy dit gesing het, hierdie erdekruik stukkend geslaan met sy ystersepter.
- Dit moes vir die volk demonstreer dat die Here opstandelinge teen Hom vernietig soos wat die koning die erdekruik stukkend slaan.

In dié psalm bely die kerkvolk dat hulle die Seun wil kus. Hulle wil met vrees aan die Here Jesus onderdanig wees.

- Daar is ’n hele paar plekke in die Bybel waar die Here ons daarop wys dat ons Hom met vrees moet dien. Dink byvoorbeeld aan Josua 24:14:

Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE. (Josua 24:14 AFR1953)

In hierdie vers word vrees gekoppel aan bekering van afgodsdiens. Waarom?

- Omdat die afgodsdienste almal hierdie element van vrees en verskrikking het.
- Dink maar aan die gesigte van die afgode: Hulle het almal sulke wrede gesigte, want hulle het juis die mense met vrees en dinge soos towery onderdanig gehou.

Kom ons kyk na nog 'n Bybelverwysing waar daar van bekering sprake is:

Verhard nou nie julle nek soos julle vaders nie, gee aan die HERE die hand en kom na sy heiligdom wat Hy vir ewig geheilig het, en dien die HERE julle God, dat sy toorngloed van julle afgewend kan word. (2 Kronieke 30:8 AFR1953)

Moenie hardkoppig wees soos julle vaders nie, onderwerp julle aan die Here, en kom na sy heiligdom toe wat Hy vir altyd geheilig het. Dien die Here julle God, dan sal sy toorngloed van julle af weggaan (2 Kronieke 30:8 AFR1983).

In hierdie geval is kerkbesoek en bekering gekoppel aan diens aan die Here.

- Op 'n ander plek wys die Here daarop dat die mense wat in sy opregtheid wandel, die HERE vrees; maar hy wat verkeerd is in sy weë, verag die Here.
- Dalk is dit in die nuwe vertaling mooier vertaal:

  Wie opreg lewe, dien die Here; wie krom paaie loop, het nie eerbied vir die Here nie. (Spreuke 14:2 AFR1983)

Ons moet wegkom van die standpunt wat deesdae posgevat het dat ons net mag weet en praat van die liefde en die genade van die Here.

- Hy openbaar Homself ook in sy toorn.
- Let maar op dat die gelowiges in die laaste vers saam bely dat hulle die Seun kus in onderwopenheid, *en dan staan daarby dat die Here se toorn gou kan ontvlam.*

In hierdie psalm is daar van werklike bang wees sprake.

- Die heidenvolke staan saam teen God en sy Seun op omdat hulle Hom nie vrees nie.
- Die Bybel openbaar dat hierdie mense juis verdelg gaan word – soos wat die koning die erdepot met sy ystersepter stukkend geslaan het.

Elke mens moet baie nederig wees wanneer hy met die Here te doen kry.

- Ons moet die verskil tussen ons krag en syne besef.
- Daarom skryf die Spreukedigter dat die loon van nederigheid die vrees van die HERE is. Die wat dit regkry, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe (22:4).

As ons so terugdink aan Israel se geskiedenis destyds in die woestyn op pad na Kanaän toe, onthou ons baie voorvalle waar die Here letterlik sy vrees by die volk ingeboesem het.

- Kort-kort het die Here groot getalle van hulle doodgemaak – dit het tog met vrees gepaard gegaan.
- Die Here het eenkeer opdrag gegee dat die volk vir Hom vergader moet word. Die Here het gesê:

  . . . die dag dat jy voor die aangesig van die HERE jou God by Horeb gestaan het, toe die HERE aan my gesê het: Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle

kinders kan leer.
(Deuteronomium 4:10 AFR1953)

. . . en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer. (Deuteronomium 4:10 AFR1983)

Vrees vir die Here het altyddeur 'n rol gespeel by gehoorsaamheid.

En die hele Israel sal dit hoor en vrees, en hulle sal nie meer so 'n verkeerde ding by jou doen nie. (Deuteronomium 13:11 AFR1953)

Iemand wat hierdie diep vrees en ontsag vir die Here het, sal hom laat leer. Hy sal wil weet wat die Here graag gedoen wil hê en dan sal hy sulke dinge leer en dit gaan doen (Psalm 25:12).

- Dit is ook nie net so dat ons wat glo, die Here moet vrees nie.
- Die hele aarde moet die HERE vrees; al die bewoners van die wêreld moet vir Hom ontsag hê (Psalm 33:8).

  Laat die hele aarde vir die HERE vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom bedug wees; (Psalms 33:8 AFR1953)

In die tyd waarin ons lewe, is hierdie saak van geweldige belang, omdat mense hulle eie dinge in die geloof uitdink, en daarmee vir hulleself met die Here spanning bewerk.

Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie. (Jesaja 29:13 AFR1983)

- Die Here waarsku dat hulle vrees vir Hom 'n aangeleerde mensegebod is, en daarvan hou Hy niks.
- Die gemeente van Korinte (2 Korintiërs 7:1) het eenkeer 'n brief gekry waarin hulle gewaarsku is dat hulle hulle van alle besoedeling van die vlees en die gees moet reinig sodat hulle die heiligmaking in die vrees van God volbring.

As u wil weet hoe erg dit is om in die hande van God te val, dink net aan die kruisiging. Die Here Jesus het in Getsemane bloed gesweet van vrees, van niks anders nie.

- Ons weet dat dit was omdat Hy ons straf moes dra, maar ons gaan deur dieselfde oordeel, met die verskil dat ons nie soos Hy die volle straf sal moet dra nie omdat ons sondes klaar aan Hom gestraf is.

Tog is dit sekerlik nie waar dat die genade van God sal maak dat ons vreesloos oor ons sondes voor God sal verskyn nie.

- Die oomblik toe die Here Jesus in ons plek voor God verskyn, het daar dinge gebeur wat die geweld van die oomblik geprofeteer het.
- Dink maar aan die rotse wat geskeur het; die duisternis helder oordag.
- Dink aan die Here Jesus se uitroep: **My God, My God waarom het U my verlaat?**

Dit laat ons verstaan waarom die Bybel leer dat dit vreeslik is om in die hande van die lewende God te val (Hebreërs 10:31).

- Dien God dus altyd met die nodige versigtigheid en ontsag.
- Vrees sy toorn, want niks en niemand kan daarteen staande bly nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 128:1 (p. 627)

1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 5 April 2009